

PREDIKER

Inleiding

Die naam van die boek is afgelei van die eerste twee woorde in die oorspronklike opskrif van die boek (1:1), naamlik “Die woorde van Prediker”. Die Hebreeuse woord wat deur Martin Luther vertaal is as *Prediker*, is in Hebreeus *Kohelet*. Die woord *Kohelet* kom nêrens anders in die Ou Testament voor nie en verwys waarskynlik na iemand wat 'n vergadering saamroep of 'n vergadering toespreek.

Die tradisionele standpunt is dat Salomo die skrywer van die boek was, omdat die skrywer volgens die eerste vers die “seun van Dawid, koning in Jerusalem” was. Uit verskillende gegewens in die boek is dit egter duidelik dat hierdie geskrif uit 'n baie later tyd as die tiende eeu vC dateer. Die Hebreeus van *Prediker* verraaï Aramese invloed en daar is ook enkele Persiese leenwoorde in die boek. Verder het ons in die boek te doen met 'n vorm van Hebreeus wat jonger is as die Hebreeus in boeke soos *Esra* en *Nehemia*. Dit dui daarop dat die boek waarskynlik nie voor die vierde eeu vC geskryf is nie. Aan die ander kant kan uit vondste in die Qumran-grotte afgelei word dat die boek reeds as gesaghebbend beskou is teen die eerste helfte van die tweede eeu vC. Geleerdes is redelik eenstemmig daaroor dat die boek waarskynlik teen die middel van die derde eeu vC ontstaan het.

Daar is onsekerheid oor die plek waar die boek geskryf is. Die feit dat die gegewens in die boek goed inpas by die probleme van die Joodse denkwêreld in die derde eeu vC, dui daarop dat die boek in Palestina of omliggende gebiede ontstaan het.

Indien Salomo nie die skrywer was nie, ontstaan die vraag waarom daar dan na hom in die boek verwys word. Uit Egiptiese wysheidsgeskrifte weet ons dat dit 'n literêre konvensie van wysheidsleraars was om dikwels hulle spreuke en onderrig toe te skryf aan 'n vroeëre koning. Dit het aan die geskrif gesag gegee. Dit is waarskynlik ook die geval in die boek *Prediker*. Omdat Salomo in die Ou Testamentiese tradisie die wyse koning was (vgl bv 1 Kon 4:29-34), is dit duidelik waarom die skrywer van *Prediker* juis Salomo gekies het.

Hoewel ons nie weet wie die skrywer van die boek was nie, is dit wel duidelik dat hy 'n wysheidsleerling was wat met 'n skerp intellektuele krities gestaan het teenoor tradisionele wysheidsuitsprake.

Die eerste lesers van die boek was waarskynlik leerlinge van hierdie wysheidsleerling. Uit 11:9 tot 12:1 is dit duidelik dat die skrywer onder andere sy onderrig vir jong mans aanbied. Hierdie lesers moes bekend gewees het met 'n boek soos *Spreuke* en moontlik ook ander wysheidsgeskrifte, aangesien baie uitsprake in die boek *Prediker* hierdie kennis by die lesers veronderstel.

Daar is meningsverskil oor die vraag of die boek *Prediker* prosa of poësie is. In die Hebreeuse Bybel toon die aksenttekens dat die latere bewerkers van die teks dit as prosa beskou het. Die vertalers van die Septuagint het die boek egter saam met die digterlike boeke *Job*, *Psalms*, *Spreuke* en *Hooglied* gegroepeer. Noukeurige studie van die boek dui dan ook daarop dat dit 'n versameling gedigte is.

Daar word in die boek ruim gebruik gemaak van vergelykings (bv 2:16; 6:12; 8:13), verder ook van metafore (bv 7:26) en allegorieë (12:3-4). Ander stylfigure, soos selfgesprek (bv 3:17), 'n wee-uitspraak (bv 10:16), retoriese vrae (bv 3:9; 5:10) en talle ander tipiese wysheidspreuke kom

in die boek voor. Een van die belangrikste kenmerke van die styl is dat die skrywer soms spreuke van die tradisionele wysheid (vgl die Inleiding tot *Spreuke*) aanhaal, net om daarna 'n teenoorstaande standpunt te stel. Dit wek by die onnoukeurige leser die indruk dat hy homself weerspreek (bv 4:5-6; vgl ook 8:12-14).

Die tema van die boek is dat alles sinloos is. Daarmee begin die boek (1:2) en daarmee het dit oorspronklik geëindig (12:8). Hierdie deurlopende tema moet verstaan word teen die agtergrond van die optimisme wat by ander wysheidsleraars geheers het, naamlik dat hulle deur die regte optrede 'n veilige toekoms kan verseker. Hulle vertrekpunt was dat God die goeie beloon en die kwaad straf. As jy dus goed doen, sal God jou seën, en as jy kwaad doen, sal Hy jou straf. Hierteen is die skrywer in verset en in sy geskrif stel hy dit duidelik dat God nie uitgelewer is aan die optrede van mense nie, maar dat die mens uitgelewer is aan 'n absoluut soewereine God wat oor menselebens beskik soos Hy wil. Die skrywer verwag geen lewe ná die dood nie en ook geen beloning vir goeie werke nie. Die enigste beloning vir die mens is om die goeie wat God gee, te geniet solank hy kan, want daarna wag die dood.

Later het twee onbekende skrywers kortliks hulle indrukke oor die boek aan die einde bygevoeg. In 12:9-11 is iemand aan die woord wat hoë agting het vir *Prediker*, en in 12:12-14 probeer iemand anders om die pessimistiese uitsprake van die skrywer te relativeer deur te sê dat die lewe sin verkry wanneer God gevrees en sy geboorte nagekom word.

In die Joodse kanon is *Prediker* een van die vyf •boekrolle wat tydens feeste voorgelees is, en wel op die derde dag van die Huttefees. Vir Christene is die waarde van die boek *Prediker* daarin geleë dat dit die mens se lewe uitbeeld soos dit werklik is sonder Christus.

Prediker volg nie 'n bepaalde literêre struktuur nie, maar toon wel breë tematiëse eenhede. Op grond daarvan kan *Prediker* moontlik soos volg ingedeel word:

1:1 Opskrif

1:2-11 Inleiding

1:12 — 2:26 Die koning se proefnemings

3:1 — 4:16 Sewe gedigte oor tyd en gebeurtenisse

4:17 — 5:8 'n Gedig oor praat en stilbly

5:9 — 6:9 'n Gedig oor die waardeloosheid van rykdom

6:10 — 8:1 Sewe gedigte oor menslike onkunde en die waardeloosheid van wysheid

8:2-9 'n Gedig oor politieke mag

8:10 — 10:11 Sewe gedigte oor vergelding en wysheid

10:12-20 Twee gedigte oor praat en stilbly

11:1-6 'n Gedig oor risiko's

11:7 — 12:8 Slotgedig oor jonkwees en die dood

12:9-14 Twee naskrifte

1

¹ Die woorde van *Prediker*, seun van Dawid, koning in Jerusalem.*

² *Sinloos, volslae sinloos, sê *Prediker*,
sinloos, volslae sinloos;
alles is sinloos!

³ *Watter voordeel is daar

***1:1 *Prediker* ... Jerusalem:** Pred 1:12,16; 7:27; 12:8-9

***1:2** Ps 39:6-7; 62:10; 144:4; Pred 12:8; Rom 8:20

***1:3** Pred 2:11,22; 5:15

vir 'n mens met al sy inspanning
waarmee hy hom afsloof
onder die son?

⁴ Geslagte kom en geslagte gaan,
en die aarde bestaan vir altyd.*

⁵ Die son kom op en die son
gaan onder,
en haas hom na sy plek
waar hy opkom.

⁶* Die wind waai na die suide
en draai na die noorde.
Dit bly draai en draai —
op sy kringloop
keer die wind telkens terug.

⁷ Al die strome vloei na die see,
maar die see word nie vol nie.
Na die plek waarheen die strome
vloei,
daarheen vloei hulle altyd weer.

⁸ Alles bly aan die worstel —
'n mens kan dit onder woorde
nie bring nie;
oë raak nie versadig van sien*
en ore raak nie vol van hoor nie.

⁹ Wat ook al gebeur het,
dit is wat gaan gebeur;

* **1:4 die aarde ... altyd:** Ps 104:5; 119:90

* **1:6** Joh 3:8

* **1:8 oë ... sien:** Spr 27:20; Pred 4:8

en wat ook al gedoen is,
dit is wat gedoen gaan word.

Daar is niks nuuts onder die son nie.

¹⁰ As daar iets is waarvan iemand sê,

“Kyk hier, dit is nuut!” —

dit het reeds gebeur in die tye

wat voor ons daar was.

¹¹ *Vroeëre gebeure word nie onthou

nie,

en ook nie die latere wat nog

sal gebeur nie —

daar is aan hulle

net so min herinnering

as aan dit wat sal gebeur

teen die einde.

¹² Ek, Prediker,* was koning

oor Israel in Jerusalem.

¹³ Ek het my daaraan toegewy*

om alles wat onder die hemel

gedoen word,

met wysheid te ondersoek

en na te vors.*

* **1:11** Pred 2:16; 9:5

* **1:12 Prediker:** Pred 1:1,16; 7:27; 12:8-9

* **1:13 Ek ... toegewy:** Pred 1:17; 8:16; Spr 2:2

* **1:13 Ek ... vors:** 1 Kon 4:29-34; Pred 1:17; 3:11; 7:25; 8:16

Dit is 'n nuttelose taak

wat God aan mense opgedra het
om hulle mee te belas.*

¹⁴ *Ek het gekyk na alles

wat gedoen word onder die son:
Kyk, dit alles is sinloos,
'n gejaag na wind.

¹⁵ Wat krom is, kan nie reguit word
nie;*
wat ontbreek, kan nie getel word
nie.

¹⁶ Ek het vir myself gesê:

Wat my betref,
kyk, ek het wysheid opgebou
en vermeerder,
meer as enigiemand wat voor my
oor Jerusalem geheers het.*
My hart het baie insig gekry
in wysheid en kennis.

¹⁷ Toe het ek my daaraan toegewy
om wysheid en kennis,
domheid en dwaasheid te
verstaan.*

***1:13 Dit is ... belas:** Pred 2:23,26

***1:14** Pred 2:11,17,26; 4:4; 6:9

***1:15 Wat krom ... reguit word nie:** Pred 7:13

***1:16 Wat my ... geheers het:** 1 Kon 3:12; 4:30; 10:23; Pred 2:9

***1:17 Toe ... verstaan:** Pred 1:13; 2:12; 7:25

Ek het beseef dat selfs dit
die najaag van wind is.*
¹⁸*Want met baie wysheid
kom baie verdriet,
en wie kennis vermeerder,
vermeerder lyding.

2

¹*Ek het vir myself gesê:
Kom, ek laat jou plesier uittoets.
Geniet wat goed is!
Maar kyk, ook dit was sinloos.
²Om te lag, het ek gesê,
is onsinnig,*
en oor plesier,
Wat lewer dit op?
³Ek het dit ernstig oorweeg
om my liggaam met wyn op te beur,*
terwyl my hart my met wysheid lei
en om aan dwaasheid vas te hou*

***1:17 Ek het ... wind is:** Pred 2:11,17,26; 4:4,6,16; 6:9

***1:18** Pred 12:12

***2:1** Pred 7:4; 8:15; Luk 12:19

***2:2 Om te lag ... onsinnig:** Spr 14:13; Pred 7:3,6

***2:3 my liggaam ... beur:** Ps 104:15; Pred 10:19

***2:3 om aan ... hou:** Pred 7:25

totdat ek sou sien
wat goed is vir mense,
wat hulle onder die hemel
moet doen
gedurende hulle min lewensdae.*

⁴ Ek het groot ondernemings
aangepak:

Ek het vir my huise gebou;*
ek het vir my wingerde geplant.*

⁵ Ek het vir my tuine en parke aangelê
en allerhande soorte vrugtebome
daarin geplant.

⁶ *Ek het vir my damme gemaak
om 'n bos jong bome daaruit nat te
lei.

⁷ Ek het slawe en slavinne gekoop,
en slawekinders wat in my huis gebore
is,*
was ook deel van my besittings.

Ek het meer beeste en kleinvee gehad
as almal wat voor my in Jerusalem
was.*

*2:3 sien ... lewensdae: Pred 2:24; 3:12,13; 5:18; 8:15

*2:4 huise gebou: 1 Kon 7:1-12

*2:4 wingerde geplant: Hoogl 8:11

*2:6 Neh 2:14; 3:15-16

*2:7 slawekinders ... gebore is: Gen 14:14; 15:3

*2:7 meer beeste ... Jerusalem was: 1 Kon 4:23

⁸ Ek het ook vir my silwer en goud,
die privaatbesit van konings,
en provinsies, bymekaargemaak.*

Ek het vir my sangers en sangeresse
aangeskaf,*
en die genot van mensekinders:
baie byvroue!^a

⁹ So het ek baie belangriker geword
as enigiemand wat voor my
in Jerusalem was;*
boonop het ek my wysheid steeds
behou.

¹⁰ Wat my oë ook al begeer het,
het ek hulle nie ontsê nie.*
Ek het my hart nie weerhou
van enige plesier nie.
Ja, my hart het vreugde geput
uit al my inspanning.
Dit was my beloning
vir al my inspanning.*

*2:8 silwer ... bymekaargemaak: 1 Kon 9:28; 10:10,14,21

*2:8 sangers ... aangeskaf: 2 Sam 19:35

^a2:8 byvroue: Die •bronteks word verskillend vertaal, aangesien daar onsekerheid is oor die presiese betekenis van die Hebreeuse teks.

*2:9 ek baie ... Jerusalem was: 1 Kron 29:25; Pred 1:16

*2:10 Wat ... ontsê nie: Pred 6:2

*2:10 Ek het ... vir al my inspanning: Pred 3:22; 5:18; 9:9

¹¹ Maar ek het nagedink
oor al die werk
wat my hande verrig het,
en die inspanning
waarmee ek my afgesloof het
om dit tot stand te bring.
En kyk, alles was sinloos
en 'n gejaag na wind.*
Dit het geen voordeel ingehou
onder die son nie.*

¹² Ek het daaraan aandag geskenk
om insig te kry in wysheid,*
in domheid en dwaasheid:
Wat sal die een doen
wat die koning opvolg?
Dit wat reeds gedoen is!*

¹³ *Ek het ingesien
dat daar 'n voordeel is
aan wysheid bo dwaasheid,
soos die lig 'n voordeel is
bo die duisternis.

*2:11 Maar ... wind: Pred 1:14; 2:22-23

*2:11 Dit het ... son nie: Pred 1:3; 3:9; 5:16

*2:12 Ek ... wysheid: Pred 1:17

*2:12 Wat sal ... gedoen is: Pred 1:9-10; 3:15

*2:13 Pred 7:11-12,19; 9:18; 10:10

¹⁴ Die wyse het oë in sy kop,
maar die dwaas verkeer
in die duister.*

Ek het egter ook besef
dat dieselfde lot beide tref.*

¹⁵ *Toe het ek vir myself gesê:
Die lot van die dwaas
sal my ook tref.
Waarom is ek dan buitengewoon
wys?

Ek het vir myself gesê
dat ook dit sinloos is.

¹⁶ *Daar is immers
geen blywende herinnering
aan die wyse nie,
net so min as aan die dwaas.

In die dae wat kom
sal alles lank reeds vergete wees.
Hoe sterf die wyse net soos die dwaas!

¹⁷ Ek het 'n weersin in die lewe gekry,
want wat onder die son gedoen
word,
het my gegrief;
ja, dit alles is sinloos

*2:14 Die wyse ... duister: Spr 2:10-13; 1 Joh 2:11

*2:14 dieselfde ... tref: Ps 49:11; Pred 3:19; 6:6; 7:2; 9:2-3

*2:15 Pred 6:8,11; 7:16

*2:16 Deut 32:26; 2 Sam 18:18; Pred 1:11; 9:5

en 'n gejaag na wind.

¹⁸ Ek het 'n weersin gekry
in al die inspanning
waarmee ek my
onder die son afgesloof het* —
dat ek dit moet nalaat
aan die een wat ná my kom.*

¹⁹ *En wie weet
of hy 'n wyse man sal wees
of 'n dwaas?

Hy gaan beheer hê oor alles
waarvoor ek my ingespan het,
waarvoor ek my afgesloof het
en wat ek onder die son
met wysheid uitgevoer het.

Ook dit is sinloos.

²⁰ Ek het my hart
aan vertwyfeling oorgegee
oor al die inspanning
waarmee ek my
onder die son afgesloof het;

²¹ *want iemand wat hom
met wysheid, kennis en kundigheid
afgesloof het,
laat die vrug van sy arbeid

*2:18 Ek het ... afgesloof het: Pred 1:3; 2:11

*2:18 dat ek ... kom: Ps 39:7; 49:11; Spr 13:22

*2:19 En wie ... dwaas: Eseg 18:9-10

*2:21 Pred 4:4

as beloning na aan iemand
wat hom nie daarvoor
afgesloof het nie.

Ook dit is sinloos en 'n groot euwel.

²² * Ja, wat kry 'n mens
vir al sy inspanning
en die strewe van sy hart
waaroor hy besorg was
onder die son?

²³ Want al sy dae is vol lyding,
en sy taak is vir hom 'n verdriet* —
selfs snags kom sy hart nie tot rus nie.

Ook dit is sinloos.

²⁴ * Daar is niks beter vir die mens
as dat hy eet en drink
en sy keel laat geniet wat goed is
vir sy inspanning nie.

Ook dit het ek ingesien:

Dit is uit die hand van God,

²⁵ want: “Wie kan eet
en wie kan geniet^b sonder My?”

²⁶ Ja, aan die mens
wat Hy aanvaarbaar vind,

* **2:22** Pred 1:3; 2:11

* **2:23 Want ... verdriet:** Job 7:1-4; 14:1

* **2:24** Pred 2:3; 3:12-13,22; 5:18; 8:15; 9:7; Jes 56:12; Luk 12:19; 1 Kor 15:32; 1 Tim 6:17

^b **2:25 geniet:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van hierdie woord in die bronteks.

gee Hy wysheid, kennis en
vreugde;^{*}
maar vir die een wat verkeerd optree,
gee Hy die taak om te versamel
en bymekaar te maak —
net om dit te oorhandig
aan een wat aanvaarbaar is vir
God.^{*}
Ook dit is sinloos
en 'n gejaag na wind.^{*}

3

¹ *Vir alles is daar 'n vasgestelde tyd;
daar is 'n tyd vir elke saak
onder die hemel:
² *'n tyd vir lewe skenk
en 'n tyd vir sterf;
'n tyd vir plant
en 'n tyd vir uittrek wat geplant is;
³ 'n tyd vir lewe neem
en 'n tyd vir genees;
'n tyd vir afbreek
en 'n tyd vir opbou;

*2:26 gee Hy wysheid ... vreugde: Job 32:8; Spr 2:6

*2:26 maar ... vir God: Job 27:16-17; Spr 13:22; 28:8

*2:26 dit is ... wind: Pred 1:14

*3:1 Pred 3:17; 8:6

*3:2 Job 14:5; Heb 9:27

⁴'n tyd vir huil
en 'n tyd vir lag;^{*}
'n tyd vir rou
en 'n tyd vir dans;^{*}
⁵'n tyd vir klippe weggooi
en 'n tyd vir klippe
bymeekaarmaak;^{c*}
'n tyd vir omhels
en 'n tyd vir ver wees van
omhelsing;^{*}
⁶'n tyd vir soek
en 'n tyd vir laat wegraak;
'n tyd vir bewaar
en 'n tyd vir weggooi;
⁷'n tyd vir skeur
en 'n tyd vir toewerk;
'n tyd vir stilbly
en 'n tyd vir praat;^{*}
⁸'n tyd vir liefhê
en 'n tyd vir haat;
'n tyd van oorlog
en 'n tyd van vrede.*

^{*}**3:4 'n tyd vir huil ... lag:** Rom 12:15

^{*}**3:4 'n tyd vir rou ... dans:** Eks 15:20

^c**3:5 weggooi ... bymeekaarmaak:** Volgens 'n Joodse tradisie kan hierdie beeld ook 'n seksuele konnotasie hê. Dit kan beteken om saad te stort en saad op te gaar.

^{*}**3:5 'n tyd vir klippe weggooi ... bymeekaarmaak:** 2 Kon 3:19,25; Jes 5:2

^{*}**3:5 'n tyd vir omhels ... omhelsing:** 1 Kor 7:5

^{*}**3:7 'n tyd vir stilbly ... praat:** Am 5:13; 1 Kor 14:26-32

^{*}**3:8 'n tyd van oorlog ... vrede:** Matt 5:9; 10:34

⁹ *Wat is die voordeel
vir die een wat werk
van dit waarmee hy hom afsloof?

¹⁰ *Ek het die taak gesien
wat God aan mense gegee het
om hulle mee te belas.

¹¹ Alles het Hy mooi gemaak op sy
tyd.*

Hy het ook die besef van tydsduur
in hulle harte gegee,
sonder dat die mens enigsins
die werk wat God
van begin tot end doen, kan peil.*

¹² Ek het besef dat daar tussen hulle
niks beter is nie
as om vreugde te ervaar
en die goeie te geniet^d in die lewe —

¹³ *ja, elke mens —
dat hy eet en drink
en die goeie geniet
by al sy inspanning.
Dit is 'n gawe van God.

***3:9** Pred 1:3

***3:10** Pred 1:13; 2:26

***3:11** Alles ... tyd: Gen 1:31

***3:11** sonder ... peil: Job 5:9; Pred 7:23; 8:17; Rom 11:33

^d**3:12** goeie te geniet: Sommige vertaal as “goed te doen”.

***3:13** Pred 2:24; 5:19

¹⁴ Ek het besef dat alles wat God
doen,
vir altyd sal bestaan.

Daaraan kan niks
toegevoeg word nie,
en daarvan kan niks
weggeneem word nie.*

God het dit gedoen
sodat hulle vir Hom ontsag sal
hê.*

¹⁵ *Wat ook al gebeur het,
was lankal daar;
en wat gaan gebeur,
het lankal gebeur.
God haal weer na vore
wat verby is.

¹⁶ *Verder het ek onder die son gesien:
Die plek van die reg —
daar was onreg;
ja, die plek van geregtigheid —
daar was onreg!

¹⁷ Ek het vir myself gesê:

***3:14** Ek het ... weggeneem word nie: Op 22:18-19

***3:14** God het ... sal hê: Eks 7:5; Eseg 36:23

***3:15** Pred 1:9; 6:10

***3:16** Pred 4:1; 5:7; 8:9; Jes 1:21

God sal die regverdige
en die goddelose oordeel*
oor elke optrede daar,
want daar is 'n tyd vir elke saak.*

¹⁸ *Ek het vir myself gesê:

Wat mense betref —

God toets hulle sodat hulle kan insien
dat hulle self diere is.

¹⁹ Want die lot van mense
en die lot van diere —
vir hulle is daar net een lot.*

Soos die een sterf,
so sterf die ander —
hulle het almal dieselfde
lewensasem.

'n Voordeel van die mens bo die dier
bestaan nie,
want alles is sinloos.

²⁰ Alles gaan na een plek toe.

Alles kom uit die stof
en alles keer terug na die stof.*

²¹ Wie weet

of dit die lewensasem van mense is
wat na bo styg

***3:17 God ... oordeel:** Pred 11:9; Matt 16:27; Rom 2:6-10; 2 Thess 1:6-9

***3:17 want ... saak:** Pred 3:1

***3:18** Ps 49:13,21; 73:22

***3:19 Want ... een lot:** Pred 9:12

***3:20 Alles kom ... na die stof:** Gen 3:19; Ps 103:14; Pred 12:7

en of dit die lewensasem van diere
is
wat na onder daal, na die grond?

²² Ek het gesien
dat daar niks beter is nie
as dat die mens
vreugde vind in sy werk,*
want dit is sy beloning.
Ja, wie kan hom daartoe bring
om te sien wat ná hom sal gebeur?*

4

¹ Ek het weer gekyk
na al die onderdrukking
wat gepleeg word onder die son.*
Kyk, die trane van die onderdruktes —
en vir hulle is daar geen trooster nie.
Die mag is in hulle onderdrukkers
se hande —
en vir hulle is daar geen trooster nie.

² *Ek het gesê die dooies
wat lankal gesterf het,
is gelukkiger as die lewendes
wat nog leef,

*3:22 Ek het ... werk: Pred 2:24

*3:22 Ja ... gebeur: Pred 2:18; 6:12; 8:7; 10:14

*4:1 Ek ... son: Job 35:9; Pred 3:16; 5:7

*4:2 Job 3:11-26; Pred 7:1

³ en beter daaraan toe as hulle almal
is dié wat nog nie daar was nie,*
wat nog nie die slegte daade gesien
het
wat onder die son gepleeg word
nie.

⁴ Ek het gesien dat al die inspanning
en al die kundigheid
waarmee gewerk word,
naywer is van die een
teenoor die ander.

Ook dit is sinloos
en 'n gejaag na wind.*

⁵ Die dwaas vou sy hande*
en vernietig homself.

⁶ *'n Handpalm vol rus is beter
as 'n dubbele hand vol inspanning,
en 'n gejaag na wind.

⁷ En weer het ek iets sinloos gesien
onder die son:

⁸ Daar is iemand alleen,
sonder 'n tweede;

* 4:3 beter ... was nie: Pred 6:3

* 4:4 dit is ... wind: Pred 1:14

* 4:5 Die dwaas ... hande: Spr 6:10; 24:33

* 4:6 Spr 15:16-17

hy het nie eers 'n seun of broer nie,
maar daar is geen einde
aan al sy inspanning nie;
sy oë raak nie versadig
van rykdom nie.*

Vir wie vermoei ek my
en ontsê ek myself die goeie?
Ook dit is sinloos en 'n slegte saak.

⁹ *Twee is beter as een,
omdat daar vir hulle
'n ruim beloning is
vir hulle inspanning.

¹⁰ Ja, as hulle val,
kan die een sy maat ophelp;
maar wee die een wat val
sonder dat daar 'n tweede is
om hom op te help!

¹¹ Ook as twee by mekaar lê,
kry hulle warm;
maar as daar net een is,
hoe kan hy warm word?

¹² As iemand die een wil oorweldig —
twee kan teen hom standhou.
'n Driedubbele koord
word nie maklik gebreek nie.

* 4:8 sy oë ... rykdom nie: Spr 27:20; Pred 1:8; 5:10

* 4:9-10 Gen 2:18

¹³ *'n Arm, maar wyse jong man is
beter

as 'n ou, maar dwase koning
wat nie meer weet
om op 'n waarskuwing
ag te slaan nie,

¹⁴ al het die jong man
uit die tronk gekom
om koning te word,*
selfs al is hy arm gebore
in die koning se ryk.

¹⁵ Ek het gesien dat almal wat leef,
wat onder die son beweeg,
die tweede jong man
wat in sy plek gekom het, volg.

¹⁶ *Daar was nie 'n einde
aan al die mense
wat elke vorige koning
ondersteun het nie;^e
tog sal die mense in die toekoms
nie oor die jong man verheug wees
nie.

Ja, ook dit is sinloos
en die najaag van wind.

* **4:13** Spr 19:1; 28:6; Pred 9:15

* **4:14 al het ... word:** Gen 41:14,41-43

* **4:16** Pred 1:14

^e**4:16 Daar ... het nie:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

¹⁷ Trap versigtig wanneer jy
na die huis van God gaan.
Gaan nader om te luister
eerder as om 'n offer te bring
soos dwase,
want hulle weet nie
dat hulle verkeerd optree nie.*

5

¹ Moenie gou wees met jou mond
en laat jou hart nie haastig wees
om 'n woord voor God te uiter nie.
Want God is in die hemel
en jy is op die aarde;
daarom moet jou woorde min
wees.*

² Ja, 'n droom kom deur baie sorge
en 'n dwase gepraat deur baie
woorde.*

³* Wanneer jy 'n gelofte teenoor God
aflê,
moet jy nie uitstel om dit te betaal
nie,
want Hy hou nie van dwase nie.

* **4:17 om te luister ... optree nie:** 1 Sam 15:22; Ps 40:7; Jes 1:10-11; Hos 6:6;
Matt 5:23-24

* **5:1 moet ... wees:** Spr 10:19; Matt 6:7

* **5:2 'n dwase ... woorde:** Job 11:2

* **5:3** Num 30:2; Deut 23:21-23; Ps 50:14; 76:12

Wat jy ook al beloop — betaal dit!

⁴ *Dit is beter dat jy nie beloop nie
as dat jy beloop en nie betaal nie.

⁵ Moenie jou mond toelaat
om jou liggaam te laat sondig nie.

Moenie voor die boodskapper van

God^f

sê dat dit 'n onopsetlike fout^{*}
was nie.

Waarom moet God kwaad word
oor jou woorde

en jou handewerk vernietig?

⁶ Want waar baie drome
en onsinnighede is,
is daar meer woorde.

Ja, vrees God!

⁷ As jy die afpersing van armes
en die verdraaiing

van reg en geregtigheid sien

in 'n provinsie,^{*}

moet jy jou nie oor die saak

verbaas nie,^{*}

^{*}5:4 Spr 20:25; Hand 5:4

^f5:5 **boodskapper van God:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “die boodskapper”. Dit verwys na die diensdoende priester.

^{*}5:5 **onopsetlike fout:** Lev 5:15-19

^{*}5:7 **As ... provinsie:** Pred 3:16; 4:1

^{*}5:7 **moet ... verbaas nie:** 1 Pet 4:12

want hooggeplaastes hou 'n oog
oor hooggeplaastes,
en hoëres weer oor hulle.

⁸ *Maar die voordeel vir 'n land,
te midde van dit alles,
is 'n koning wat sorg
dat lande bewerk word.

⁹ Wie geld liefhet,
kry nie genoeg van geld nie,
en wie aan rykdom geheg is,
van inkomste nie.*

Ook dit is sinloos.

¹⁰ *Wanneer iemand
se voorspoed toeneem,
word dié wat dit verbruik meer.

Wat is die wins
vir die besitter daarvan
behalwe dat sy oë dit aanskou?

¹¹ Die arbeider se slaap is soet,
of hy min of baie eet;
maar die oormaat van die ryke
gun hom geen rus,
sodat hy kan slaap nie.

¹² *Daar is 'n siek euwel

*5:8 Spr 27:23-27

*5:9 Wie geld ... inkomste nie: Ps 52:9; 62:11; Pred 4:8; Luk 12:15

*5:10 Spr 14:20; 19:4

*5:12 Pred 6:1-2

wat ek gesien het onder die son:
rykdom wat deur die besitter
bewaar is tot sy eie nadeel.

¹³ Hierdie rykdom het verlore gegaan
deur swak besigheid.

Hy het 'n seun verwek,
maar dié sit sonder iets in sy hand.

¹⁴ Soos wat hy naak
uit sy ma se moederskoot
gekom het,
sal hy weer heengaan
soos hy gekom het.*

Hy sal niks saamneem
vir sy inspanning nie,
niks wat hy met sy hand
kan dra nie.*

¹⁵ Ja, dit is ook 'n siek euwel:
Net soos hy gekom het,
so gaan hy heen.*

Watter voordeel is daar vir hom*
dat hy hom vir wind afsloof?*

¹⁶ Selfs al eet hy sy lewe lank
in die donker;*

* 5:14 Soos ... hy gekom het: Job 1:21

* 5:14 Hy sal ... dra nie: Ps 49:18; 1 Tim 6:7

* 5:15 Net ... heen: Pred 5:14; 1 Tim 6:7

* 5:15 Watter ... vir hom: Pred 1:3

* 5:15 dat ... afsloof: Spr 11:29

* 5:16 Selfs ... donker: Ps 127:2

hy vermeerder net verdriet,⁸
sy siekte en woede.

¹⁷ Kyk, wat ek gesien het,
wat goed en mooi is,
is om te eet en te drink
en te geniet wat goed is
by al die inspanning*
waarmee iemand hom afsloof
onder die son
gedurende die min lewensdae
wat God vir hom gee;
want dit is sy beloning,*
¹⁸ ja, dit geld vir elke mens
aan wie God rykdom
en besittings gee
en vir wie Hy die geleentheid gee
om daarvan te geniet,*
om dit as sy beloning te ontvang
en vrolik te wees by sy inspanning.

Dit is 'n gawe van God.*

¹⁹ Want hy dink nie baie
aan sy lewensdae nie:

⁸5:16 **hy vermeerder net verdriet:** Hier word 'n ander vokalisasie gevolg. Die bronteks lui “en hy is woedend, hy maak meer”.

*5:17 **Kyk ... inspanning:** Pred 2:24

*5:17 **dit is sy beloning:** Pred 2:10; 3:22

*5:18 **God ... geniet:** Spr 10:22; Pred 6:2

*5:18 **Dit is ... God:** Pred 2:24; 3:13

God laat hom besig bly
met wat sy hart verbly.

6

¹ *Daar is 'n euwel
wat ek gesien het onder die son,
en wat swaar druk
op die mensdom:

² 'n man aan wie God rykdom,
besittings en eer gee*
sodat hy niks kortkom
van alles wat hy begeer nie,
maar God gee hom nie die geleentheid
om daarvan te geniet nie,
omdat 'n vreemde dit geniet.

Dit is sinloos en 'n bitter lyding.

³ As iemand honderd kinders verwek
en baie jare leef
— hoe baie sy lewensjare ook al is —
maar sy begeerte na die goeie
nie versadig word nie,
en daar ook nie 'n begrafnis
vir hom is nie,*

dan sê ek:

'n Misgeboorte is beter as hy!*

* 6:1 Pred 5:12

* 6:2 God rykdom ... eer gee: 1 Kon 3:13

* 6:3 daar ... is nie: Jes 14:20; Jer 8:2; 22:19

* 6:3 'n Misgeboorte ... hy: Job 3:10-16; Pred 4:3

⁴ Want sonder enige sin kom dit
en in duisternis gaan dit;
en met duisternis
word die naam daarvan bedek;
⁵ boonop het dit die son nie gesien
of geken nie.
Dit het meer rus as daardie man,
⁶ selfs al leef hy ook
twee maal duisend jaar,
maar geniet nie wat goed is nie.
Gaan alles nie maar
na een plek toe nie?

⁷ * Al die inspanning van 'n mens
is maar net vir sy mond,
maar tog kry sy keel
nie genoeg nie.

⁸ Ja, watter voordeel is daar
vir die wyse bo die dwaas? *
Watter voordeel is daar
vir die magtelose
wanneer hy weet hoe om hom
te gedra teenoor die wêreld?
⁹ Om met die oë te geniet,
is beter as onvervulde begeertes. *

* 6:7 Spr 16:26

* 6:8 Ja ... dwaas: Pred 2:15

* 6:9 Om ... begeertes: Pred 11:9

Ook dit is sinloos
en 'n gejaag na wind.*

¹⁰ Wat bestaan,
is lankal reeds benoem.*
Dit is bekend dat hy “mens” is,
en hy kan nie 'n regstryd begin
met Een wat magtiger as hy is nie.*

¹¹ Wanneer daar meer woorde is,
word die sinloosheid meer.*
Watter voordeel is daar vir die mens?*

¹² Ja, wie weet wat goed is
vir die mens in die lewe
gedurende sy min,
sinlose lewensdae
wat hy deurbring
asof dit 'n skaduwee is?*

Wie is dit wat die mens kan inlig
oor wat ná hom sal gebeur
onder die son?*

* **6:9 dit is ... wind:** Pred 1:14

* **6:10 Wat ... benoem:** Gen 2:19; Pred 1:9-10; 3:15

* **6:10 hy kan ... is nie:** Job 9:32; Jes 45:9

* **6:11 Wanneer ... sinloosheid meer:** Spr 10:19; Matt 6:7

* **6:11 Watter ... mens:** Jer 8:9

* **6:12 asof ... skaduwee is:** Job 14:2; Pred 8:13

* **6:12 ná ... son:** Pred 2:18; 3:22

7

¹ 'n Goeie naam is beter
as goeie reukolie,*
en die sterfdag
as die geboortedag.*

² Dit is beter om te gaan
na 'n huis waar gerou word,
as om te gaan
na 'n huis waar fees gevier word;
want in 'n huis waar gerou word,
eindig alle mense,
en die lewende moet dit
ter harte neem.*

³ Verdriet is beter as lag,
want 'n droewige gesig
is goed vir die hart.*

⁴ Die hart van wyses
is in 'n huis waar gerou word,
maar die hart van dwase
is in 'n huis waar plesier is.

⁵ *Dit is beter om te luister
na die vermaning van 'n wyse,
as wanneer iemand luister

*7:1 'n Goeie ... reukolie: Spr 22:1; Hoogl 1:3

*7:1 die sterfdag ... geboortedag: Pred 4:2

*7:2 die lewende ... neem: Ps 90:12

*7:3 'n droewige ... hart: 2 Kor 7:10

*7:5 Ps 141:5; Spr 13:1,18; 15:31-32

na die lied van dwase.

⁶ Want soos die geknetter
van doringtakke onder 'n pot,^h
so is die gelag van 'n dwaas.

Ook dit is sinloos:

⁷ dat afpersing 'n wyse dwaas maak,^{*}
en 'n geskenk 'n hart vernietig.^{*}

⁸ Die einde van 'n saak
is beter as die begin daarvan;
iemand wat lankmoedig is,
is beter as iemand wat hoogmoedig
is.^{*}

⁹ Moenie in jou gees haastig wees
om jou te vererg nie,^{*}
want verdriet is tuis
op die skoot van dwase.

¹⁰ Moenie sê,
“Waarom was die vroeëre dae
beter as hierdie?” nie;
want dit is nie uit wysheid
dat jy daarvoor vrae stel nie.

¹¹ *Wysheid is goed

^h7:6 doringtakke ... pot: Die woorde vir doringtak en pot klink in Hebreeus dieselfde; vgl Ps 118:12.

*7:7 afpersing ... maak: Pred 4:1

*7:7 'n geskenk ... vernietig: Eks 23:8; Deut 16:19; Spr 15:27; 17:8

*7:8 iemand wat lankmoedig ... hoogmoedig is: Spr 14:29

*7:9 Moenie ... vererg nie: Ps 37:8; Spr 14:17; 16:32; 25:28; Jak 1:19

*7:11 Spr 3:16; Pred 2:13; Eseg 28:4

saam met 'n erfporse
en is 'n voordeel
vir dié wat die son sien;
¹²want die wysheid bied beskutting.*
Geld bied beskutting,
maar die voordeel daarvan
om die wysheid te ken, is:
Die wysheid hou
dié wat haar besit, lewend.*

¹³Kyk na die werk van God:*
Wie kan reguit maak
wat Hy krom gemaak het?*

¹⁴As dit die dag goed gaan,
geniet die voorspoed,*
maar as dit die dag sleg gaan, beseft:
Ook hierdie dag het God gemaak
net soos daardie een;*
gevolglik kan die mens
nie enigiets ontdek
wat in die toekoms wag nie.*

¹⁵Dit alles het ek gesien

*7:12 wysheid bied beskutting: Pred 7:19; 9:18

*7:12 Die wysheid hou ... lewend: Spr 3:18; 8:35

*7:13 die werk van God: Pred 3:11; 8:17

*7:13 Wie ... gemaak het: Pred 1:15

*7:14 As dit ... voorspoed: Pred 3:4,22

*7:14 as dit ... daardie een: Job 2:10; Klaagl 3:38

*7:14 kan ... wag nie: Pred 3:22; 6:12

in my sinlose lewensdae:*

Daar is 'n regverdige
wat deur sy regverdigheid
omkom;*

en daar is 'n goddelose
wat deur sy goddeloosheid
lank lewe.*

¹⁶ Moenie oordrewe regverdig wees
of jouself besonder slim hou nie.*

Waarom moet jy jouself vernietig?

¹⁷ Moenie oordrewe goddeloos
wees nie,
en moenie 'n dwaas wees nie.

Waarom moet jy sterf voor jou tyd?*

¹⁸ Dit is goed dat jy
aan die een vashou
en ook nie jou hand
aan die ander onttrek nie;
want wie vir God eerbied het,
ontkom aan dit alles.

¹⁹ *Die wysheid gee aan die wyse
meer mag

*7:15 sinlose lewensdae: Pred 6:12; 9:9

*7:15 Daar ... omkom: Pred 8:14

*7:15 daar ... lewe: Pred 8:12-13

*7:16 jouself ... hou nie: Rom 12:3

*7:17 Waarom ... tyd: Job 22:16; Ps 55:24; Spr 10:27

*7:19 Spr 21:22; 24:5; Pred 9:13-18

as tien heersers wat in die stad is;
20 *want daar is geen mens op aarde
wat regverdig is,
wat aanhou goed doen
en nie sondig nie.

21 Verder, moenie aandag gee
aan alles wat mense sê nie,
sodat jy nie hoor dat jou slaaf
jou vervloek nie.*

22 Want jou hart weet ook
van die vele kere
toe ook jy ander vervloek het.

23 Dit alles het ek met wysheid
op die proef gestel.

Ek het gesê, ek wil wys wees,
maar dit het buite my bereik gebly.

24 Wat gebeur, is ver en diep,
baie diep* —
wie kan dit peil?*

25 *Ek het my hartⁱ daaraan oorgegee
om te ken en na te vors,

*7:20 1 Kon 8:46; Rom 3:23

*7:21 sodat ... vervloek nie: Spr 30:10

*7:24 Wat ... baie diep: Rom 11:33

*7:24 wie ... peil: Job 11:7; 37:23; Pred 8:17

*7:25 Pred 1:17

ⁱ7:25 hart: Die hart is die setel van die intellek waar die gedagtes en wilsbesluite gevorm word.

om na wysheid en verklaring
te soek,

om die kwaad van onkunde,
en die dwaasheid as domheid,
te leer ken.

²⁶ En dan vind ek gewoonlik:

Bitterder as die dood*
is die vrou wat vangnette is;*
wie se hart sleepnette,
wie se hande boeie is.

Hy wat goed is voor God,
sal aan haar ontkom;*
maar hy wat verkeerd doen,
word deur haar gevang.^{j*}

²⁷ Kyk, dit is die wysheid
wat ek gevind het,
sê die prediker,^k
by die een na die ander
op soek na verklaring.

²⁸ Wat ek self bly soek het,
maar nie gevind het nie, is:

*7:26 Bitterder ... dood: Spr 5:4

*7:26 vrou wat vangnette is: Spr 6:25

*7:26 Hy wat ... ontkom: Spr 6:23-24

^j7:26 Bitterder ... gevang: Hierdie aanhaling verwoord die tipiese standpunt van wysheidsleraars waarteen Prediker te velde trek.

*7:26 maar hy ... gevang: Spr 22:14

^k7:27 sê die prediker: Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “sê sy, Prediker”.

Een mens uit duisend het ek gevind,
maar 'n vrou het ek tussen hulle almal
nie gevind nie.^{1*}

²⁹ Kyk, al wat ek kon vasstel,
is dat God die mensdom
reg geskape het,^{*}
maar hulle is op soek
na allerlei slim verklarings.

8

¹ Wie is soos die wyse?
En wie ken die betekenis van 'n saak?
Die wysheid van 'n mens
laat sy gesig straal
en sy strak gelaat^{*} word verander.

² Kom die bevel van die koning na;^m
maar as dit oor die eed
voor Godⁿ gaan,

¹7:28 Een ... gevind nie: Hierdie aanhaling verwoord die tipiese standpunt van wysheidsleraars waarteen Prediker te velde trek.

^{*}7:28 'n vrou ... gevind nie: 1 Kon 11:3

^{*}7:29 God ... geskape het: Gen 1:27

^{*}8:1 strak gelaat: Deut 28:50

^m8:2 Kom ... na: Die •Septuagint en ander vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui “Ek. Die bevel van die koning kom (dit) na”.

ⁿ8:2 die eed voor God: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Kan ook vertaal word “die eed van God”; vgl Eks 22:11; 2 Sam 21:7; Eseg 17:18.

³ °moenie verskrik wees nie;
gaan van die koning^p af weg;
moet jou nie met 'n slegte saak
inlaat nie;
hy doen immers alles wat hom
behaag,
⁴ want 'n koning se woord is magtig.
Wie kan vir hom sê:
“Wat doen u?”*

⁵ q“Wie 'n gebod nakom,
sal nie kwaad ervaar nie;*
en die hart van 'n wyse
ken tyd en beslissing.”

⁶ Ja, vir elke saak
is daar 'n tyd en 'n beslissing;*
maar die teenspoed van die mens
rus swaar op hom,
⁷ want hy weet nie
wat gaan gebeur nie.*
Ja, hoe dit gaan gebeur —

^o8:3 Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Verskillende vertalings is moontlik.

^p8:3 **die koning:** Die bronteks lui “hom”.

*8:4 **Wie ... doen u:** Job 9:12; Dan 4:35

^q8:5 Hierdie aanhaling verwoord die tipiese standpunt van wysheidsleraars waarteen Prediker te velde trek.

*8:5 **Wie ... ervaar nie:** Rom 13:3

*8:6 **vir elke ... beslissing:** Pred 3:1,17

*8:7 **hy ... gebeur nie:** Pred 3:22; 6:12; 9:12; 10:14

wie kan hom daaroor inlig?

⁸ Geen mens het beheer
oor die lewensasem,
om die lewensasem
terug te hou nie.*

Niemand het mag oor die sterfdag nie,
daar is geen vrystelling
in die oorlog nie,
en goddeloosheid kan sy besitters
nie laat vrykom nie.

⁹ Dit alles het ek gesien
terwyl ek aandag gegee het
aan elke werk
wat onder die son gedoen word —
in die tyd wanneer een mens
beheer uitoefen oor 'n ander,
tot sy nadeel.

¹⁰ Daarna het ek gesien:
Goddeloses wat gewoond was
om in en uit die heiligdom te gaan,
word begrawe.[†]
Maar in die stad raak dié vergete
wat reg opgetree het.

* **8:8 Geen ... hou nie:** Job 14:5

[†]**8:10 Goddeloses ... begrawe:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Indien twee konsonante van die bronteks omgeruil word, kan dit soos volg vertaal word “Goddeloses kom nader en gaan in terwyl hulle van die heiligdom moet weggaan.”

Ook dit is sinloos.

¹¹ Omdat 'n vonnis oor 'n bose daad
nie gou voltrek word nie,*
daarom is mense se harte in hulle
vol daarvan om kwaad te doen* —

¹² omdat 'n sondaar honderd keer
kwaad kan doen, en lank lewe.*

Ja, ek weet ook:

^sDit sal goed gaan met hulle
wat vir God ontsag het,*
omdat hulle vir Hom ontsag het;

¹³ en dit sal nie goed gaan
met die goddelose nie,*
en hy sal nie die dae verleng
soos 'n skaduwee* nie,
omdat hy geen ontsag het
vir God se teenwoordigheid nie.

¹⁴ *Daar is iets sinloos
wat op die aarde plaasvind:
Daar is regverdiges met wie dit gaan
volgens die optrede

*8:11 'n vonnis ... word nie: Rom 2:4; 2 Pet 3:9

*8:11 mense ... doen: Pred 9:3

*8:12 'n sondaar ... lewe: Pred 7:15; Jes 65:20

^s8:12-13 Dit ... teenwoordigheid nie: Hierdie aanhaling verwoord die tipiese standpunt van wysheidsleraars waarteen Prediker te velde trek.

*8:12 Dit ... ontsag het: Deut 4:40; 12:25; Ps 37:11; Spr 1:33; Jes 3:10

*8:13 dit sal ... goddelose nie: Jes 3:11

*8:13 soos 'n skaduwee: Job 14:2; Pred 6:12

*8:14 Pred 7:15

van die goddeloses;
en daar is goddeloses
met wie dit gaan
volgens die optrede
van die regverdiges.

Ek sê dat ook dit sinloos is.

¹⁵ Daarom prys ek die plesier:

Daar is niks beter vir die mens
onder die son nie
as om te eet en te drink
en vrolik te wees.*

Dit moet hom vergesel
by sy inspanning
gedurende sy lewensdae
wat God hom gee onder die son.

¹⁶ Toe ek my daaraan toegewy het
om wysheid te ken,*
en om die taak te beskou
wat op die aarde verrig word
— terwyl 'n mens selfs dag en nag
met sy oë geen slaap sien nie —

¹⁷ *het ek al die werk van God gesien.
Die mens is nie in staat om die werk
wat onder die son gedoen word
te ontrafel nie.

* 8:15 Daar ... wees: Pred 2:24

* 8:16 Toe ... ken: Pred 1:13-14

* 8:17 Pred 3:11; 7:23; 11:5

Hoe die mens hom ook al vermoei
met seek,
hy sal dit nie ontrafel nie.
Selfs al gee die wyse voor
om dit te weet,
hy is nie in staat
om dit te ontrafel nie.

9

¹ Ja, aan dit alles het ek
aandag gegee;
en om dit alles op te helder:
Die regverdiges en die wyses
en hulle dade is in God se hand,*
of dit nou liefde is of haat.
Mense weet nie wat alles
vir hulle voorlê nie.

² Alles is dieselfde vir almal:*
Daar wag een lot
vir die regverdige
en die goddelose;*
vir die goeie, die reine
en die •onreine;
vir die een wat offer
en vir hom wat nie offer nie.
Dit gaan met die sondaar

* 9:1 Die regverdiges ... hand: Deut 33:3

* 9:2 Alles ... almal: Job 9:22

* 9:2 Daar ... goddelose: Pred 2:14

soos met die goeie,
met die een wat 'n eed aflê,
soos met hom wat bang is
om 'n eed af te lê.

³ Dit is die slegte by alles
wat onder die son gebeur:
dat daar een lot is vir almal;
ook dat die hart van mense
vol boosheid is,
en dat domheid in hulle harte is
gedurende hulle lewe;*
en daarna — na die dooies!

⁴ Maar vir wie nog
by al die lewendes is,
is daar hoop.

Ja, 'n lewendige hond
is beter as 'n dooie leeu.

⁵ Die lewendes weet immers
dat hulle sal sterf,
maar die dooies weet niks nie;*
daar is vir hulle

geen verdere beloning nie.
Ja, die herinnering aan hulle
het vervaag;*

⁶ hulle liefde sowel as hulle haat,
ook hulle naywer het lankal verdwyn;

*9:3 domheid ... lewe: Pred 1:17

*9:5 die dooies weet niks nie: Job 14:21

*9:5 die herinnering ... vervaag: Pred 1:11; 2:16; 8:10

en vir ewig het hulle geen deel meer
aan alles wat onder die son
gebeur nie.

⁷ *Gaan eet jou brood met vreugde,
en drink jou wyn met 'n vrolike hart,
want God het lankal
jou dae goedgekeur.

⁸ Laat jou klere altyd wit wees,
laat jou kop nie sonder reukolie
wees nie.*

⁹ Geniet die lewe saam met die vrou
wat jy liefhet,
al jou sinlose lewensdae*
wat Hy vir jou gegee het
onder die son,
al jou sinlose dae;
want dit is jou beloning in die lewe
by jou inspanning
waarmee jy jou afsloof*
onder die son.

¹⁰ Alles wat jou hand vind
om te doen,
doen dit met oorgawe;*

*9:7 Pred 2:24; 8:15

*9:8 jou kop ... wees nie: Ps 23:5

*9:9 sinlose lewensdae: Pred 6:12; 7:15

*9:9 want ... afsloof: Pred 2:10

*9:10 doen ... oorgawe: Rom 12:11; Kol 3:23

want daar is geen werk of verklaring,
of kennis of wysheid in die •doderyk*
waarheen jy op pad is nie.

¹¹ Weer het ek onder die son gesien:
Die wedloop is nie vir die vinniges
en die oorlog is nie
vir die krygsmanne nie;*
brood is ook nie vir die wyses,
rykdom is ook nie
vir die verstandiges,
en guns is ook nie vir die kenners nie;
want tyd en toeval is bepalend
vir hulle almal.

¹² Ja, die mens ken ook nie
sy tyd nie.*
Soos visse wat gevang word
in 'n verraderlike net,
en soos voëls wat gevang word
in 'n wip,*
so is dit met hulle:

*9:10 daar ... doderyk: Pred 9:5

*9:11 Die wedloop ... krygsmanne nie: 2 Kron 20:15; Am 2:14-16

*9:12 ken ... tyd nie: Pred 8:8

*9:12 soos voëls ... wip: Spr 7:23

In 'n tyd van onheil
raak mense verstrik,*
soos dit hulle skielik oorval.*

¹³ Ook dit beskou ek as wysheid
onder die son,
en dit is vir my iets groots:

¹⁴ Daar was 'n klein stadjie
met min mense daarin.
'n Groot koning het daarheen
opgetrek,
dit omsingel en groot
beleëringswerke^t
daarteen gebou.

¹⁵ 'n Arm, wyse man*
het hom in die stad bevind.
Dié man het die stad
deur sy wysheid gered,*
tog het niemand daardie arm man
onthou nie.

¹⁶ Toe het ek gesê:
Wysheid is beter as krag;*
maar die wysheid van die arme

*9:12 In 'n tyd ... verstrik: Spr 29:5-6

*9:12 skielik oorval: Luk 21:34-35

^t9:14 groot beleëringswerke: Die •Septuagint, 2 Hebreuse mss en verskeie vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui “groot bergvestings”.

*9:15 'n Arm, wyse man: Pred 4:13

*9:15 het die ... gered: 2 Sam 20:22

*9:16 Wysheid ... krag: Pred 7:19

word verag,
en na sy woorde
word nie geluister nie.

¹⁷ Woorde van wyses,
kalm aangehoor,
is beter as die geskree
van 'n heerser tussen dwase.

¹⁸ Wysheid is beter as oorlogswapens,*
maar een persoon
wat verkeerd optree,
maak baie wat goed is, tot niet.

10

¹ 'n Dooie vlieg laat die olie
van 'n salfmenger stink en gis;
'n bietjie dwaasheid het groter
gevolge
as wysheid, as eer.

² Die hart van 'n wyse is na regs,
maar die hart van 'n dwaas na
links.

³ *Selfs op pad, soos 'n dwaas vorder,
toon hy 'n gebrek aan insig;
hy gee aan elkeen te kenne
dat hy dwaas is.

*9:18 Wysheid ... oorlogswapens: Spr 20:18

*10:3 Spr 18:2

- ⁴ * As die woede van die heerser
teen jou opvlam,
moenie jou pos verlaat nie,
want kalmte maak
ernstige oortredings onskadelik.
- ⁵ * Daar is 'n euwel wat ek gesien het
onder die son,
'n mistasting
wat by die heerser ontstaan:
- ⁶ Die dwaas word in vele hoë posisies
geplaas,
terwyl rykes in lae posisies sit.
- ⁷ Ek het slawe op perde gesien,
en hoë amptenare
wat op die grond loop soos slawe.
- ⁸ Wie 'n put grawe,
kan self daarin val;*
en wie 'n muur afbreek —
'n slang kan hom pik.
- ⁹ Wie klippe uitbreek,
kan homself daarmee beseer;
wie hout kloof,
kan daardeur in gevaar kom.
- ¹⁰ As die byl stomp word,
en 'n mens die snykant

*10:4 Spr 16:14; 17:27

*10:5-7 Spr 26:1

*10:8 Wie ... val: Ps 7:16

nie geslyp het nie,
moet hy meer kragte inspan.

'n Voordeel is om wysheid in te span.

¹¹ As die slang pik
voor hy besweer is,^{*}
is daar geen voordeel
vir die besweerder nie.

¹² Woorde uit die mond van 'n wyse
bring guns,^{u*}
maar die lippe van 'n dwaas
oorweldig hom.*

¹³ Die begin van die woorde
uit sy mond
is dwaasheid,
en die einde van sy gepraat
is ramspoedige domheid.

¹⁴ En die dwaas het soveel te sê!
Die mens weet nie wat sal gebeur nie;
wat ná hom gaan gebeur —
wie kan hom daarvoor inlig?*

¹⁵ Die inspanning van 'n dwaas
maak hom moeg,

*10:11 voor hy besweer is: Jer 8:17

^u10:12 bring guns: Kan ook vertaal word as “is aangenaam”.

*10:12 Woorde ... guns: Spr 22:1

*10:12 die lippe ... oorweldig hom: Spr 10:8; 18:7

*10:14 Die mens ... inlig: Pred 6:12; 8:7

hy wat nie weet
hoe om die stad te bereik nie.^v

¹⁶ *Wee jou, land,
as jou koning nog 'n kind^w is,
en jou hoë amptenare
soggens feesvier.

¹⁷ Gelukkig is jy, land,
as jou koning van edeles afstam,
en jou hoë amptenare
op die regte tyd feesvier,
met selfbeheersing
en nie met 'n gedrink nie.

¹⁸ Opperste luiheid
laat die dakbalke uitsak
en slap hande laat die huis lek.

¹⁹ Feeste word gehou vir plesier
en wyn vrolik die lewe op* —
geld maak dit alles moontlik.

²⁰ Selfs in jou gedagte
moet jy die koning
nie vervloek nie,*

^v**10:15 hy wat ... bereik nie:** In Egipties is “hy bereik nie die stad nie” 'n idioom vir “hy bereik nie sy doel nie”.

***10:16** Jes 3:4; 5:11

^w**10:16 koning ... kind:** Die woord vir “kind” kan ook vertaal word as “slaaf”; vgl Pred 10:17.

***10:19 wyn ... op:** Ps 104:15

***10:20 Selfs ... koning nie vervloek nie:** Eks 22:28

en selfs in jou slaapkamer
moet jy 'n ryke nie vervloek nie.*
Want die voëls van die hemel
kan die geluid wegdra,
'n gevleuelde kan dalk
'n woord oordra.

11

¹ Stuur jou graan oor die water,^x
want ná baie dae kan jy dit terugkry.*
² Gee 'n deel aan sewe, selfs aan agt,^{y*}
want jy weet nie watter ramp
op die aarde sal gebeur nie.
³ As die wolke vol is,
giet hulle reën uit oor die aarde;
en as 'n boom val,
na die suide of na die noorde —
waar die boom moet val,
daar sal dit val.
⁴ Wie die wind dophou,
sal nie saai nie;
en wie na die wolke kyk,

* **10:20 in jou slaapkamer ... ryke nie vervloek nie:** 2 Kon 6:12; Luk 12:3

^x**11:1 Stuur ... water:** Dit verwys na die uitvoer van graan wat in antieke tye 'n hoë risiko was. Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “Stuur jou brood op die water”; vgl Jes 28:28; 36:17 vir die vertaling “graan”.

* **11:1 want ná ... terugkry:** Deut 15:10; Spr 19:17; Matt 10:42; Gal 6:9; Heb 6:10

^y**11:2 Gee ... agt:** Daar is verskil van mening oor die betekenis van die •bronteks. Dit kan ook vertaal word as “Hou jou besittings op sewe, selfs agt plekke”.

* **11:2 Gee ... agt:** Ps 112:9; Matt 5:42; Luk 6:30; 1 Tim 6:18-19

sal nie oes nie.

⁵ Soos wat jy nie weet watter weg

die gees volg in die gebeente^z

binne die buik

van 'n swanger vrou nie,*

net so ken jy nie die werk van God

wat alles doen nie.*

⁶ Saai in die môre jou saad,

en laat teen die aand jou hand

nie rus nie;

want jy weet nie watter een

gaan slaag nie,

hierdie of daardie,

en of beide goed sal wees nie.

⁷ Soet is die lig;

dit is goed vir die oë

om die son te sien.*

⁸ Ja, as die mens baie jare leef,

moet hy hom

in hulle almal verheug;

maar hy moet onthou

dat die donker dae*

^z**11:5 in die gebeente:** Die •Septuagint en 'n hele aantal mss word hier gevolg.
Die •bronteks lui “soos die gebeente”.

* **11:5 die gebeente ... vrou nie:** Ps 139:13-16

* **11:5 net ... doen nie:** Ps 139:13-16; Joh 3:6-8

* **11:7 om die ... sien:** Pred 6:5; 7:11

* **11:8 onthou ... dae:** Pred 12:1-2

baie gaan wees.

Alles wat kom, is sinloos.

⁹ Verheug jou, jong man, in jou jeug;

jou hart moet jou vrolik maak

in jou jong dae.

Volg die paaie van jou hart

en waarheen jou oë jou lei;*

maar weet: Oor al hierdie dinge

sal God jou voor die gereg bring.

¹⁰ Weer kwelling uit jou hart

en hou lyding weg van jou liggaam,

want die jeug en die bloei

van die lewe^a

is sinloos.

12

¹ Dink aan jou Skepper*

in jou jong dae,

voordat die dae van teenspoed kom,

en jare aanbreek waarvan jy sal sê,

“Vir my is daar

geen vreugde in nie”;

*11:9 Verheug ... lei: Pred 2:24; 3:12-13,22; 5:18; 8:15; 9:7-9

^a11:10 bloei ... lewe: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreuse woord. Die Septuagint vertaal dit as “onverstandigheid”.

*12:1 Dink ... Skepper: Deut 8:18; Neh 4:14; Ps 63:7; 119:55

*12:1 die dae ... in nie: Pred 11:8

² voordat die son en die lig
donker word,
die maan en die sterre;^{*}
en die wolke terugkeer ná die reën;
³ die dag wanneer die wagte
van die huis bewe,
die sterk manne krom word,
die vroue wat maal, ophou werk
omdat hulle te min geword het,
dié wat deur die vensters kyk,
donker word,^{*}
⁴ en die deure na die straat
gesluit word;
wanneer die geluid van die meul
sag word;^{*}
wanneer sy stem klink
soos die klank van 'n voël,^b
maar al die tone van die lied dof is;^{*}
⁵ wanneer daar selfs
vir 'n hoogte gevrees word
en daar verskrikking op die pad is;
terwyl amandelbome bloei,

^{*}12:2 die son ... sterre: Jes 5:30; 13:10; Eseg 32:7-8; Joël 3:15; Matt 24:29

^{*}12:3 dié wat ... donker word: Gen 27:1; 48:10; 1 Sam 3:2

^{*}12:4 die geluid ... sag word: Jer 25:10; Op 18:22

^b12:4 wanneer sy ... voël: Kan ook vertaal word as “en hy opstaan vir die klank van 'n voël”.

^{*}12:4 al die ... dof is: 2 Sam 19:35

koringkrieke^c hulleself voortsleep^d
en kappertjies oopbreek,^e
wanneer die mens op pad is
na sy ewige huis,^{*}
en die rouklaers
in die straat rondgaan;^{*}
⁶ voordat die silwer koord
verwyder word,
die goue bak stukkend val,^{*}
die kruik langs die waterbron
gebreek word,
die skepwiel in die opgaarput^f
stukkend val,
⁷ * die stof na die aarde terugkeer
soos dit was,
en die lewensasem na God terugkeer
wat dit gegee het.

^c**12:5 koringkrieke:** Die Hebreuse woord is aanvanklik vertaal as “sprinkaan”;
vgl egter Lev 11:22.

^d**12:5 hulleself voortsleep:** Letterlik ‘hulleself dra’. Dit dui daarop dat hulle mae
vol is.

^e**12:5 kappertjies oopbreek:** Die •Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die
•bronteks lui “die kappertjies maak nutteloos”.

^{*}**12:5 op pad ... huis:** Job 17:13; 30:23

^{*}**12:5 die rouklaers ... rondgaan:** Jer 9:17

^{*}**12:6 die goue ... val:** Sag 4:2-3

^f**12:6 opgaarput:** Dit was 'n groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekap is en
waarin daar water of graan gestoor is.

^{*}**12:7** Gen 2:7; 3:19; Pred 3:21

⁸ *Sinloos, volslae sinloos,
sê die prediker,
alles is sinloos!

⁹ Nie net was Prediker wys nie, hy het ook nog kennis aan die volk oorgedra. Hy het oorweeg en nagevors; hy het baie wysheidspreuke georden.* ¹⁰ Prediker het daarna gestreef om gepaste woorde te vind, wat eerlik neergeskryf is — waar woorde. ¹¹ Die woorde van wyses* is soos skerp stokke; soos spykers wat ingeslaan is,* is die hoofgedagtes van 'n versameling. Hulle is deur een Herder gegee.

¹² Bo en behalwe alles, nog dit:

My seun, wees gewaarsku: Aan die skryf van baie •boekrolle kom daar geen einde nie,* en baie studie is uitputtend vir die liggaam.*

¹³ *Die slotsom is, nadat alles gehoor is:

Betoon ontsag vir God en kom sy gebooie na; dit geld immers die hele mensdom. ¹⁴ *Want oor elke daad sal God self oordeel, oor alles wat verborge is, of dit goed is of kwaad.

* **12:8** Pred 1:2

* **12:9 baie ... georden:** 1 Kon 4:32

* **12:11 Die woorde van wyses:** Spr 1:6; 22:17

* **12:11 spykers wat ingeslaan is:** Esra 9:8; Jes 22:23

* **12:12 die skryf ... einde nie:** 1 Kon 4:32

* **12:12 baie studie ... liggaam:** Pred 1:18

* **12:13** Pred 5:6; 7:18

* **12:14** Pred 3:17; 11:9; Rom 2:16; 1 Kor 4:5; 2 Kor 5:10; Op 20:12